kundige verskynsel. 'n Snytjie word êrens gemaak op 'n padda wat nog lewendig is, en die fytvinger word teen die snyplek gehou; die padda sal doodgaan. As die fyt na die eerste behandeling egter nog nie gesond is nie, moet 'n tweede padda geneem word. Daar moet op hierdie wyse voortgegaan word totdat die padda nie meer doodgaan nie. As hy lewendig bly, is die fyt genees. Pijp er voeg by hierdie raat die opmerking by dat die algemene opvatting is dat hoenders in hierdie geval beter diens doen as paddas.[1]

Liddorings word in die Afrikaanse Volksgeneeskunde deur oordrag behandel. Vir agt dae word 'n stukkie gaar spek op die liddoring vasgebind.[2]

Die wese van vratte word in die volksgeloof ook animisties-oordragtelik beskou. Die algemene opvatting is dat as die bloed van 'n vrat afkomstig, op 'n ander plek op die huid val, dit opnuut 'n vrat daar laat ontstaan. As jy 'n ander persoon se vratte tel, sal jy self net soveel kry.

Om vratte te laat verdwyn, moet 'n mens dit teen 'n lyk vrywe of nugter spoeg daarop smeer, of 'n mens moet die melksap van vyebome daarop invryf. Maar meer aktueel oordragtelik is die volgende middel: neem 'n stuk gare, maak daar net soveel knope in as wat jy vratte het, en begrawe dit onder die drumpel van die voordeur. Baie suiwer op oordrag berustend is die volgende middel: vryf oor die vrat nadat dit aan die bloei gemaak is, met 'n stuk bees- of boklewer; begrawe dan die lewer of laat dit deur 'n hond opgevreet word.[3]

Karkatjies word in die Afrikaanse Volksgeneeskunde met 'n staalring gevrywe. Nog 'n volksraat gee die voorskrif aan dat oor die oë met spek gevrywe moet word, eers in die een, en dan weer in die ander rigting tot sewemaal toe. Daarna word die stukkie spek aan die hoenders gegee. Gedurende die hele proses mag die lyer geen woorde uit nie. Nou sal die hoenders die vratte oorneem.

Dit sal moeilik wees om die spesifiek-Nederlandse „leengoed" in die Afrikaanse Volksgeneeskunde te ontsyfer. So 'n taak sal ook weinig meer waarde as vergelykende Volkskunde hê. Ons taak op hierdie stadium is om die eie-Afrikaanse legaat na te gaan. Maar die analogiese elemente in die Nederlandse Volksgeneeskunde dien tog om die indruk van algemeenvolksmenslikheid te versterk. In die Nederlandse Volksgeneeskunde bestaan oordrag byvoorbeeld ook as 'n grondreël in die genesing van vratte, alhoewel in 'n ietwat ander vorm. In sy „Nederlandsch Volksgeloof" gee Everard Gewin 'n middel teen vratte aan wat net soos die na-die-maanblaas-middel van ons is: „Maantje, neem mijn wratten weg."[4] In gevalle van rumatiek word 'n skroef van 'n doodskis tot ring gemaak en gedra -

1) Pijper, p. 37.

2) Ibid., p. 38.

3) Pijper, p. 38. Sien ook Boshoff, p. 100-101.

4) Gewin, E. „Nederlandsch Volksgeloof", 1925, p. 10.

'n middel wat weer met ons s'n ooreenkoms vertoon (sien hoër op)[1]. In Die Engelse geneeskunde is die middel teen breuke baie ooreenkomstig die Afrikaanse handeling. Hulle tel kinders deur gate in die grond, skeure in rotse, splete in bome, ter genesing van breuke.[2] Engelse boere in Cornwall en Devonshire dra 'n ertappel in die broeksak teen rumatiek - weer'n verskynsel van oordrag in die volksgeneeskunde.[3] 'n Engelse gewoonte in gevalle van vallende siekte is om 'n sjieling om die nek te dra.[4] In Skotland word daar in gevalle van verstuiting 'n swart toutjie geneem waarin nege knoppe gemaak word en terwyl dit om die plek gebind word, word die volgende woorde opgesê:

„The Lord rade
And the fool slade (slipped);
He lighted
And she righted.
Bone to bone,
And sinew to sinew,
Heal in the Holy Ghost's name!"[5]

Vingernaels word in 'n lappie geplaas, toegebind en om die lyer se kop geswaad; daarna word dit begrawe. Op hierdie wyse word tering in die Engelse Volksgeneeskunde behandel.[6] Voeg hierby die Engelse opvatting dat tandpyn ook deur 'n wurm veroorsaak word,[7] en dat vratte afgevryf kan word met vet daarteen te skuur,[8] dan besef 'n mens dat daar iets in die gees van enige volksmens is, wat in bepaalde vorms wat vasstaande is, gemanifesteer word.

Vir hoofpyn word dikwels die raat gegee om 'n riem of tou styf om die kop te bind. Die raat kry ons al voor die middeleeue, maar in 'n ander vorm: dit moet naamlik 'n tou wees waarmee iemand opgehang is. Soiets werp 'n interessante lig op die beskawingsgeskiedenis van die Europese volke.

Op sommige plekke lewe die gewoonte voort om aartappels of appels in sewe skywe te sny en om die slape en voorhoof te bind. In die 16de eeu was hierdie gebruik al bekend, maar op elke stuk aartappel as 'n woord uit 'n kort Latynse gebed met dik ink geskryf; ook is die naam van 'n Roomse heilige in die plek daarvan geskryf. In ons volksgeloof het die gebed verhaspel en heeltemal verlore gegaan, maar die sewe appel- of aartappelskywe het gebly.[9]

---

1) Ibid., p. 14.
2) Dyer, T. F. T. : „English Folklore", 1880, p. 23.
3) Ibid., p. 21.
4) Ibid., p. 146.
5) Ibid., p. 149.
6) Ibid., p. 150.
7) Ibid., p. 155 en 165.
8) Ibid., p. 155 en 165.
9) Vgl. „Die Naweek", Donderdag, 11/3/43. Deel III, nr. 23 - „Tradisionele Afrikaanse Volksmedisyne" deur „Arts".

Die getal sewe speel hier 'n opsigtelike mistiese rol.

Die gebruik om 'n sleutel aan 'n lyn om die nek agter die rug te laat hang as die neus bloei, is 'n goedbekende geneeswyse in die Afrikaanse Volksgeneeskunde. Die oorsprong daarvan moet waarskynlik gesoek word in simbolieus-religieuse opvattinge van die nie-kultuurmens. In hierdie geval het die mistiek verdwyn terwyl slegs die handeling oorgebly het.

Oeroud is die bekende gebruike om verskillende voorwerpe om die nek te hang of teen die lyf te dra. Die mistieke basis is dat sulke voorwerpe een of ander magiese invloed op die kwaal het. So dra iemand wat aan rumatiek ly, 'n vioolsnaar om die nek met 'n houtkruisie daaraan. Hierdie verskynsel is duidelik so oud soos die Christendom. Die kruis is veral gedurende die middeleeue opgevat as 'n magiese kragmiddel. Dit is geen wonder dat dit in die volksgeneeskunde 'n intog gemaak het nie.

Die volgende middel dateer uit die 16de eeu:

„A Charme for Ague.

A crosse made of two little twigs joined together, wherewith when the portie is touched he will be whole; speciallie if he weare it about his necke."[1]

Mettertyd is die kruis deur ander voorwerpe vervang. Deur gebrekkige oorlewering van tradisies of deur verhaspeling gebeur dit dat slegs 'n simboliese reste nagelaat word in die volksopvatting in verband met siekte en die genesing daarvan.

Die Afrikaanse gebruik om 'n neut of aartappel in die sak vir dieselfde doel te dra, val waar te neem in dieselfde lig. Die meeste middels en gebruike verander deur die eeue heen deur weglating of toevoeging. Volksmedisyne is al die resepte en behandelingsmetodes wat gestadig deur die eeue heen by die volk ontstaan en ontwikkel het. Dit is vanselfsprekend dat dit vir die grootste gedeelte deur mondelinge oorlewerings in die volksgeheue behoue gebly het, en dat die middels meestal self gemaak en tuisgemaak is; netso is dit vanselfsprekend dat groot ontdekkings op mediese gebied gedurende daardie eeue dikwels 'n weerspieëling vind in nuwe middels wat dan by die volksmedisyne bygevoeg word. Ook geskiedkundige gebeurtenisse het 'n invloed daarop uitgeoefen, want die terugkomende soldate bring nuwe middels van hul togte terug wat deur mondelinge oorlewering in die volksgeneeskuns opgeneem word. In hierdie lig kan skoolmedisyne feitlik beskou word as 'n nakomeling van die vroegste volksmedisyne.

Ten slotte wys ons op nog 'n paar voorbeelde van genesing deur oordrag, verbanning of afbinding. Om koorsblare te genees, is die Afrikaanse handeling om aan die sere te vat, en daarna 'n gooibeweging te maak.[2]

---

1) Ibid., „Die Naweek".

2) A. J. Coetzee: „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 157.

'n Interessante voorbeeld van banning word gesien in die behandeling tandpyn op Lindley in die Oranje-Vrystaat, deur 'n Volkskunde-medewerker aan dr. Abel Coetzee meegedeel.[1] Die lyer moet sy wond oophou oor stoom of rook van bitterappels om die „wurmpies" wat die tandpyn veroorsaak, te laat „uitval" nadat die rook hulle „bedwelm" het. Nog 'n middel is om die naam van die lyer op 'n stukkie papier te skryf, en dan word daar met 'n warm naald deur elke letter gesteek om die wurmpies in elke tand „dood te brand". Laasgenoemde raat is aan dr. Coetzee gestuur uit Middelburg, Kaapland.

Verbanning met behulp van 'n formule word aangetref in Lindley, O.V.S.: Tandpyn, tandpyn, tandpyn,
Gij mij vriend en ik u vyand
Gaan weg in die naam van
die Vader, Seun en Heilige Gees.

Dr. Coetzee se beriggeefster, mev. J. Ebersohn, vertel dat haar vader tydens die Groot Trek hierdie formule aangewend het om gewondes te genees. Hierin is Christelike bestanddele 'n bewys dat hierdie formule uit een van die stamlande in Suid-Afrika ingeburger is. In Nederland kom sg. „vastzetters" van siektes voor wat deur banning siektes trag te genees.

'n Voorbeeld van genesing deur oordrag word berig uit Zoekmakaar, Transvaal.[2] 'n Rumatieklyer moet blomswawel in 'n sakkie toemaak en om die been dra totdat dit self afval. Teen sinkings - volgens 'n beriggewer in Brits - word aartappelskille in 'n garingdraad geryg en gedra totdat dit afval. Om bloedvinne te genees moet die lyer gaan waar 'n hond gerol het en van die afgeskeide stowwe daar laat agterbly (lg. middel uit Stutterheim, KP.). Om benoude bors te genees, moet 'n bossie hare op die lyer se kop uitgetrek word; in Wallis, Engeland, word dit aan 'n hond gegee.[3] Volgens oordrag word vratte ook genees. Hulle moet naamlik getel word, en net soveel knope word vervolgens in 'n toutjie gemaak; dit word dan in 'n vuurhoutjiedosie geplaas, en langs die pad weggegooi. Die een wat dit optel, sal die vratte kry.[4] 'n Ander raat is as volg: neem die skinkelbeen van 'n skaap, vryf dit oor die vratjies, en gooi daarna die been oor jou linkerskouer. Daarna stap jy weg sonder om om te kyk waar die been geval het en binne drie weke sal hulle weg wees.[5] Vratte kan ook oorgedra word deur hulle na 'n verskietende ster te blaas,[6] of deur op 'n papier te skryf: „Wijk van mij, gij vratten", saam met die lyer se naam en adres wat in 'n bottel toegemaak word en in 'n stroom lopende water weggegooi word.[7]

---

1) Ongepubliseerde artikel van dr. A. Coetzee.
2) Vgl. Artikel van dr. Coetzee: „Afrikaanse Volksgeneeskuns".
3) Ibid.
4) „Die Huisgenoot", 10/4/31 - „Vratjies" deur F. F. Erasmus.
5) „Die Huisgenoot", 18/1/35. - „Vratjies" deur Sita.
6) Dieselfde as Vorige.
7) Dieselfde as Vorige.

In die gemeenskapslewe van die landelike bewoners en ook in die groepe van die onderkultuur elders, waar die geetelike peil tot die van die volksmens behoort, is die indiwidu weinig selfstandig en in sy denke en handeling sterk gebonde aan die opvattinge en gebruike van die groepsverband waarin hy leef. Dit sien ons in alle volkskundige verskynsels. Hierdie groep se gedagtelewe word sodoende beheers deur die norms van vorige geslagte. Oorgeërfde beskouings is deel van elke nuwe groep se geestelike besit. Tradisievas, gevoelvol en intens is die gehegtheid aan hierdie oorgelewerde norms.

Die lede van hierdie groep maak geen onderskeid tussen hulle intellektuele en emosionele lewens nie; hulle voorstellings vorm 'n mengsel van hierdie twee elemente wat deurmekaar gevleg is. Hulle sien die verskynsels wat buite hulle bewussyn staan, nes die kultuur-wetenskaplikes, maar hulle b e s k o u dit op 'n ander wyse. Hulle waarneming is gekleur deur, onderspan die invloed van die lewensbeskouing en die oorlewerings van die groep waartoe hulle behoort.

Die kultuurwetenskap kan hom nog nie heeltemal onttrek aan die volksoortuiging nie, want die volk heg weinig waarde aan die bewyskrag van objektiewe feite. Selfs die primitiefste volksgemeenskap sal 'n soort wetenskap huldig wat handel oor oorsaak en gevolg. Maar die denke hier is nie baie krities nie. Die volksmens verbind maklik gevolg met iets wat heeltemal anders is as die ware oorsaak.

Daar is twee maniere van begripsassosiasie waartoe die mens in staat is. Die een kan waar heet, en die ander onlogies. Beide word by volksmense aangetref in 'n ongereelde verhouding.

Die soort assosiasie wat a l t y d onlogies is, deurgaans heeltemal onredelik en onwetenskaplik , heet eintlik Fetisjisme, wat die wetenskap van die natuurmens is, maar nie van die volksmens nie. Dit is heeltemal ongesistematiseerd en onkrities en daarom gewoonlik „verkeerd".

Volkswetenskap beweeg op 'n baie hoër geestelike peil, want dit is n i e d e u r g a a n s gestu op onlogiese assosiasie van begrippe nie. In hierdie opsig kan beweer word dat daar soms nie eintlik 'n wesenlike verskil tussen kultuurwetenskap en volkswetenskap bestaan nie. Voorbeelde wat hierdie stelling bewaarheid, is in die veelvuldige voorkome van wisselwerking tussen die kultuurlegaat van die bowe- en benedekultuurlae. Omdat daar so'n wisselwerking en bevrugting tussen die twee lae bestaan, moet daar iewers 'n gemeenskaplike basis bestaan, 'n basis vanwaar wedersydse kulturele wisselwerking kan geskied. Soms is die besit van die kultuurwetenskap 'n oorname uit die besit van die onderkultuur.

Die aanwending van looisuur in gevalle van brandwonde dien hier as 'n mooi voorbeeld. Dit is 'n ou volksgewoonte gewees om 'n gebrande vinger in tee te steek om die pyn te verwyder. Hierop het 'n jong Amerikaanse geneesheer te werk gegaan, en ontdek dat die looisuur wat in tee voorkom, die eienskap besit om brandwonde te [redacted] genees.

Genesing deur inenting is 'n verdere volksopvatting wat op animistiese en mistieke opvattings stoel. Ook hier bestaan 'n mate van begripsassosiasie wat dit tereg 'n plek onder die volkswetenskap besorg.

In die Afrikaanse Volksgeneeskunde vind inenting plaas teen vratte, karkatjies, kanker, rumatiek, jig, tandpyn, bloedvinne en nege-oë-swere. „Op die plaas Paauwpan, distik Hopetown, Kaapland, staan 'n amandelboom waarin kanker geënt word. Waar die inenting plaasgevind het aan die stam, het aaklige knoeste uitgegroei, so groot soos dubbele vuiste; die kankerlyer woon op die plaas en is gesond, skryf my beriggewer."[1] Op Stutterheim kom 'n dergelike geval voor waarby die etter van 'n karkatjie in 'n wilkerboom geënt en met modder toegesmeer is; uit die boom het ook knoeste ontwikkel. 'n Mens wil hierby voeg: natuurlik!

Vrattebloed word op 'n aartappel gesmeer wat dan geplant word. As die stoel 'n sekere hoogte bereik het, verdwyn die wit kolle op die blare en die vratte ook. In Machadodorp word 'n spyker teen die jig of rumatiekplek gedruk en dan in 'n boom ingeslaan.[2]

Hierdie handelinge in die volksgeneeskunde dien as voorbeelde van animistiese opvattinge oor die besondere krag van magie. 'n Sekere mate van magie word voorgestel in die inslaan van 'n spyker in 'n boom. Nadat die spyker eers in aanraking met die rumatiek was, het dit 'n „siel", die wese daarvan oorgeneem. Word die spyker nou vasgeslaan in 'n boom, neem laasgenoemde daardie animistiese wese oor. Inenting is dus 'n volkswetenskaplike vorm van oorsaak en gevolg. In die volksdenke gee dit aanleiding tot 'n begripsverband tussen die kwaal en die geneeswyse daarvan.

Pijper deel mee dat bloedvinte geënt word op wilkerbome;[3] so ook tandpyn. Die lyer moet sy tandvleis met 'n naald krap totdat dit bloei. Daarna moet hy na 'n wilkerboom gaan, 'n stukkie bas terug trek, en daarin spuug, en dan moet die bas weer vasgemaak word. Die pyn sal „vasgroei" in die boom.[4] Word die boom afgekap, so word geglo, kom die pyn weer terug. As daar van die etter van 'n verswering in die bas van 'n wilkerboom geënt word, sal die verswering nie weer herhaal word nie. Verswerings van die vroulike borste word op dieselfde wyse behandel.[5] Een van die talle geneesmetodes wat teen vratjies aangewend word, word deur Pijper aangegee. 'n Druppel bloed uit 'n vrat word geënt op 'n tak. Die tak word dan weggegooi sonder dat die lyer daarna kyk.[6] 'n Druppel bloed uit 'n vrot word ook onder 'n boon se opperskil geënt. Die boon word geplant. As dit groei, groei dit die vrat weg. Bekend is ook: „Vratte word in die lig van die volle maan gewas en op vyebome geënt."[7] In

---

1) Aangehaal uit artikel van dr. Coetzee: „Afrikaanse Volksgeneeskuns."

2) Ongepubliseerde artikel van dr. A. Coetzee.

3) Pijper, p. 37.

4) Pijper, p. 27.

5) Ibid., p. 28.

6) Ibid., p. 38.

7) „Die Naweek", Donderdag, 25/3/43.

Dullstroom word die pit van 'n bloedvint op die bas van 'n appelboom ingeënt; die boom moet sterf, en die lyer moet nooit weer ná die proses van inenting daarna kyk nie.[1] 'n Besondere voorbeeld van inenting as geneesmetode verskyn in „Die Huisgenoot" van 10 April 1931. Dit handel oor die behandeling van vratjies. Die skrywer vermeld: „Hulle kom van niks, en jy moet hulle met niks dokter." Om vratjies te genees word as volg te werk gegaan: 'n kruis word gesny in die eerste vrat wat uitgekom het, en 'n kerfie word in 'n miliepit gesny en van die vratjie se bloed word daarin gesmeer. Nou word die pasiënt geblinddoek en na 'n modderplek by die plaasfontein gelei. Daar moet die lyer self die pit met sy vingers so diep moontlik in die modder druk. By die huis terug, word die lyer eers weer toegelaat om sy of haar oë oop te maak, en weet dus nie waar die miliepit begrawe is nie. As die mieliepit begin vrot in die modder, sal die vratjies verdwyn, maar as dit egter begin groei, sal die vratjies ook groei.

Maar daar is nog ander maniere waarop vratte geënt kan word. Die vrat moet in een geval op 'n aartappel geënt word wat al uitgeloop is. Simpaties word hierby aangeneem dat namate die aartappel groei, die vratte sal verdwyn.[2]

Uit bogemelde voorbeelde blyk 'n bekende volkskundige verskynsel, naamlik dat dieselfde elemente op verskillende plekke van vorm verander. Die omgewing skool die opvatting. Dit is die rede waarom daar vir die behandeling van byvoorbeeld vratte soveel verskillende middels voorkom. Elke gemeenskap het sy eie bepaalde behoeftes en daarvolgens word sy leefwyse bepaal. Om hierdie rede is eenselwigheid van vorm nie 'n uitstaande kenmerk van enige volkskundige onderwerp nie. Elke geestelike houding vind sy eie menslike openbaringsvorm. Veelvormigheid is dan ook iets wat dikwels in die Afrikaanse Volkswetenskap aangetref word.

Op die keper beskou, is die Afrikaanse volksgeloof natuurlik die stoel van al die opvattings wat in verband staan met die Volkswetenskap. Waar ons dit as 'n onderdeel beskou van die Volksgeneeskunde, is dit nie om enige wetenskaplike oorwegings nie, maar bloot om redes van gemaklikheid. Soos voorop gesê is, is in die volksmens se gees, sy simboliek en werklikheid baie innig vermeng, daarom is ons andersyds in staat om towery en volksgeloof saam onder een hoof te groepeer.[3]

Op hierdie gebied moet ons veral invloed en inwerking van ander, vreemde elemente op die Afrikaanse bodem verwag. Naas selfvorming sal vreemdsoortige elemente aangetref word. Die middeleeue was die tydperk van 'n welige groei op die gebied van towerkuns en magie. Spore wat egter nog ouer as die middeleeue is, sal ook hier oorgeplant wees, benewens oordrag uit aanraking met inboorlinge en Wes-Europeërs. In hierdie verband merk S. P. E. Boshoff dan ook tereg op: „En so tree die Afrikaanse volk voor ons as 'n nugter, praktiese volk, maar tog vol bygeloof,

---

1) „Die Huisgenoot", 10/4/31 - „Vratjies" deur F. F. Erasmus.
2) „Die Huisgenoot", 18/1/35 - „Vratjies" deur Sita.
3) Vgl. Van Andel: „Klassieke Wondermiddelen", p. 24.

oorgeërf of aangeleer. Die taak van die volkskunde is om aan te wys wat die volk aan volkswysheid (liewer Volkswetenskap) van sy voorouers ontvang het, en wat die nuwe bodem, bedryf en geskiedenis daaraan toegevoeg het."[1] Tot die eerste gedagte wil ons graag die toevoeging maak dat die laag bygeloof in die wese van die Afrikaanse volk nie soseer „oorgeërf" of „aangeleer" kan wees as wat dr. Boshoff met sy woorde voorgee nie. Ons wil verder gaan en beweer dat ons van 'n eie A f r i - k a a n s e a n i m i s m e kan praat, en daarin lê die kern van alle kennis in verband met ons volk. Die Afrikaanse volk se eie aard en wese het uit homself deur kontak met sy bodem gegroei. Enige „aangeleerde" lagie bygeloof kan uit die aard van die saak slegs baie dun wees. Die volkskunde bewys ons beter as enige etnologiese of ander kultuurstudie dat ons van 'n Afrikaansheid kan praat. Ons kan van 'n Afrikaanse volkskarakter en 'n Afrikaanse volksiel e.d.m. praat, omdat die volkskundige verskynsels onder die Afrikaanse groep in Suid-Afrika 'n eie kleur, karakter en stempel dra. Die smeltkroes waarin dit gevorm is, lê in die verlede - saam met die ontstaan van ons taal. Die taak van die toekoms is om op daardie Afrikaanse legaat voort te bou.

In die Afrikaanse Volkswetenskap, nes die van onder volke ook, is die opvattinge van die volksmens in verband met towery en magie die gevolg van 'n inherente animistiese, natuurlike laag in die wese van die natuur van die mens. Die kern van toordery te alle tye is om „bose" magte af te weer. Die mens veronderstel in primitiewe denkwyses 'n bonatuurlike handeling waaruit sy animistiese, simboliese en simpatiese opvattinge ontstaan.[2] Ook hier berus towery en magiese geneeskundige handeling op 'n begrip van ooreenkoms-assosiasie van gelyksoortige voorwerpe. Die indruk wat 'n voorwerp of 'n verskynsel op die gemoed van die volksmens maak, wek by hom as redelike wese een of ander besef van verband op.

In die geneeskuns is die uiting hiervan naïef-menslik. As die gewone middele nie meer wil help nie, en as die volksmens se geestesvermoë al uitgeput is, word die toevlug tot towery geneem. Dr. Coetzee vermeld 'n sonderlinge geval uit Jamestown, Kaapland, van die wyse waarop 'n Slams 'n lyer aan geelsug gesond gemaak het. Die Slams het eerstens 'n glas water voor die sieke se bed gesit, en daarna 'n aantal beentjies en toorgoed wat hy in 'n leerband om sy lyf gehad het, gerangskik. Toe vra hy om 'n pikswart hoender met wit oorbelle wat hy in 'n kis opgesluit het. Daarna het die Slams na die siekekamer gegaan, maar ongelukkig het die sieke net op daardie oomblik die glas water uitgedrink; die Slams was spyt hieroor aangesien hy die ander toordokter wat die sieke siek „getoor" het, in die glas sou sien met sy intrede in die siekekamer. Maar die Slams het volhard met sy taak. Die volgende oggend het hy twee bossies hare van homself en die sieke deurmekaar gemeng. Toe meng hy

1) S. P. E. Boshoff: „Beskouinge en Feite", p. 127.

2) Vgl. Artikel, Dr. A. Coetzee: „Afrikaanse Volksgeneeskuns", ook Schrijnen, Deel I, p. 103.

dit met brood om pilletjies te vorm wat vervolgens aan die hoender gegee is. (Let op verskynsel van oordrag). Vir 'n week is dieselfde proses elke oggend herhaal. Die laaste nag het die Slams die hele nag wakker gebly en op en af gedwaal . Hy het vertel dat hy 'n stryd voer met die ander towernaar, maar dat hy daarin die oorwinning behaal het. Hierna het hy vertrek, en die lyer het begin beter word, maar die hoender het begin uitteer en sy belle het geel geword. Op dieselfde dag waarop die sieke die bed verlaat het, het die hoender doodgegaan.[1]

Die geloof van toordery is natuurlik oeroud en universeel, maar ons kan tog iets spesifiek-Afrikaans opmerk in sommige gevalle van genesing deur toordery in Suid-Afrika. Die volgende verhaal behandel die kaffer as toordokter:[2] „Die pionier, A. J. Poulteney, is in Suid-Afrika gebore uit 'n familie wat in die voorste geledere was. Van daardie mense wat gehelp het om die Republieke van die Vrystaat en Transvaal te stig en wat die twee ou Republieke getrou gedien het. Hy was een van die eerste witmense wat die Zambesi oorgesteek het en het vir Lobenguela goed geken. Onderstaande is deur hom vertel aan vriende terwyl hulle in die Kalahari op jag was:

„Dit was in 1885 op die oewers van die Zambesi dat ek op sterwe gelê het aan die koors, maar ek wou baie graag nog olifante jag en het hard probeer om gesond te word deur kina te drink en mieliepap te eet, wat al kos en medisyne was wat ons gehad het. My maat, W. E. Thomas, het langs my gelê, so te sê hulpeloos, en ekself was reeds byna oor die muur, maar ek het binne twee weke van die eerste aanval herstel, en kin met behulp van 'n kierie rondsukkel. Toe kry ek 'n terugval, wat my so naby die dood gebring het soos moontlik is sonder om werklik te sterwe. Die koors het in my gewoed met 'n krag wat tot die vreeslikste hoogtes styg in 'n sterk man se bloed.

„Partykeer was ek rasend en moes ek vasgedruk word op die bed. Een of twee van ons kaffers het nog by ons gebly maar die meeste het weggeloop. Ek het my komberse stukkend geskeur en die hemp van my lyf af, en het nou bewusteloos gelê, byna net 'n geraamte, en sonder die krag van 'n kind. Ek het vir dae gelê sonder om enige tekens van lewe te toon. Die kaffers was so seker dat ek sou sterwe dat hulle 'n graf gereed gehad het vir daardie oomblik wanneer my laaste bietjie asem my sou verlaat. Thomas, wat self siek was aan die koors, het langs my gesit, in 'n treurige gemoedstoestand, want vir die feit dat ons maats was en stokalleen, behalwe vir 'n handjievol kaffers, was hy ook nog verloof aan my suster en het hy geys by die gedagte aan die nuus wat hy miskien aan haar sou moes oordra.

„Hy het alles gedoen wat hy kon en sonder hoop die einde sit en afwag, toe 'n ou kaffer op die toneel verskyn. Die ou kêrel het sy dolosse, sy aapsterte, sy sakke vol wortels en al die ander gereedskap van sy professie by hom gehad. Hy het Thomas gegroet:

---

1) Vgl. Artikel, Dr. A. Coetzee.

2) Vgl. „Die Naweek", Donderdag, 22/4/43. „Die Toordokter wat Malaria genees het" deur Bernard Lewis, p. 19 - 20.

„‚Is die witman , jou broer, siek?' het hy gevra.

„‚Jy kan self sien hy lê op sterwe.' sê Thomas. ‚Jy is 'n umlimo (dokter). Kan jy enigiets vir hom doen? Ek kan nie.'

„Die toordokter kyk my aan en sê in sy eie taal:

„‚Hy is baie siek, maar ek mag miskien iet kan doen. Ek het al gevalle genees wat net so erg was. Maar hulle was kaffers. Miskien sal my medisyne nie vir 'n witman help nie. Dit mag hom doodmaak. Ek is 'n koorsdokter en as e k hom nie kan genees nie, kan niemand dit doen nie. Jy sê hy lê op sterwe. As ek hom medisyne gee en hy sterf, moet jy nie sê ek het hom laat sterf nie. Hy is nou al dood as my medisyne nie vir hom help nie.'

Thomas het vir 'n oomblik geaarsel.

„‚Hy kan maar net so goed sterwe met wat jy vir hom gegee het binnein hom as daarsonder,' sê hy. ‚Ek sal jou nie blameer as hy sterf nie, maar as hy lewe - sien jy daardie sak vol poeier? Dit sal twee osse koop. Daardie groot doos daar bevat die prys van baie skape en bokke en dan is daar ook nog daardie loodstawe. Alles sal joune wees as jy my broer genees.'

„Die toordokter begin toe onderhandel. Terwyl hy 'n knippie snuif neem sê hy:

„‚En as hy sterf? Sal ek niks kry vir my moeite en my medisyne en vir die offerande wat ek aan die Koorsgod moet maak nie?'

„‚Ek sal jou 'n kombers en 'n sak krale gee vir jou moeite, umlimo.'

„‚As hy sterf sal jy my nie blameer, of die witman se vloeke op my afbring, of vir Lobengula, Koning van die Matabeles, sê dat ek hom doodgemaak het nie. En as hy lewe, kry ek die sak poeier, die prys van twee osse, en die blikdosie wat die prys van baie skape bevat, en daardie loodstawe. Verder, as hy lewe en ek gaan met jou saam tot by die berge op die pad terug na jou eie land - want hy moet weg kom van die rivier af - sal jy die kombers en die krale byvoeg en miskien 'n byl vir my as beloning. En as hy sterf, sal jy my die krale en die kombers gee as beloning vir my medisyne.'

„‚Akkoord. Maar as jy nie dadelik begin nie gaan ek nie die byl byvoeg nie, en ook nie vir jou die kombers en die krale betaal as hy sterwe nie.'

„Dit het die ooreenkoms beklink. Die dokter het die ander kaffers geroep om die skikkings aan te hoor, en toe begin hy werk. Eers het hy wortels uit die sak geneem, en wat toe gebeur het, het vir Thomas, wat alreeds oor 'n verlore vriend getreur het, soos towery voorgekom. Ek het al vir dae meer as half dood daar gelê, - niks geweet nie, niks geëet nie, niks gedrink nie, skaars asemgehaal.

„Nadat hy die wortels tot 'n poeier fyngestamp het, het die toordokter 'n bietjie vuur op 'n blik plaatjie gesit.

„Hy het aan Thomas verduidelik dat hy 'n ‚rook gaan maak' en dat ek die rook moes inasem. 'n Doek is oor my kop en oor die plaatjie vuur

gegooi, terwyl my kop van die kussing af opgelig is.

„‚As my medisyne dieselfde uitwerking op hom gaan hê as op 'n kaffer sal hy oor 'n paar minute regop sit en vra wat aan die gang is. So nie, sal jou broer sterwe.'

„Die wortelpoeier is op die warm plaatjie gegooi en my gesig in die rook gehou, 'n operasie wat my na 'n rukkie erg laat hoes het. Na nog 'n rukkie het ek regop gesit en die einste vraag gevra wat die toordokter gesê het ek sou! Ek onthou self dat ek dit gedoen het. Ek onthou ook Thomas se antwoord:

„‚Toemaar, ou kêrel. Hierdie ou man is besig om vir jou te dokter en het jou alreeds baie beter gemaak. Hy wil net hê jy moet jou gesig oor die rook hou en soveel daarvan inasem en insluk as jy kan.'

„Hy het gelag, maar die trane het oor sy wange gerol. Net 'n rukkie vantevore het hy nog by my bed gesit en probeer om die feit van my naderende dood in die gesig te staar, omdat hy geen hoop gehad het dat ek sou lewe of hyself, as hy alleen gelaat sou word in sy swak toestand nie. Hy het gebid dat ek moes lewe. Die umlimo het in antwoord op sy gebed opgedaag. As 'n sterk man onder sulke omstandighede huil is dit geen skande nie.... Ek moes nog aanhou met die rook inasem. Dit was onaangenaam, maar ek het dit dapper gedoen, en my kop het met elke teug helderder geword. Eindelik het ek opgehou toe die ou man vir Thomas sê dat ek nou genoeg gehad het.

„Toe het hulle vir my pap gebring van sleggekookte mieliemeel waarvan ek net twee mondevol kon insluk. Ek het om my pyp gevra, en is toegelaat om dit te rook as daar 'n bietjie wortelpoeier met die tabak gemeng was, en kort daarop het ek aan die slaap geraak. Ek het tot die volgende oggend geslaap en het baie beter gevoel, maar so swak soos 'n suigeling, want ek kon nie regop sit nie, hoewel ek hard probeer het. Van waar ek gelê het, kon ek sien dat die kaffers besig was om 'n ruwe platform, sowat 20 voet hoog, op te rig. Ek het gewonder wat dit was, maar ek het gou tot my verdriet uitgevind.

„Die ou toordokter het na my toe opgekom en met behulp van 'n paar assistente, almal naakt, my komberse afgetrek, my toe beetgepak en my hemp uitgetrek. Toe trek hulle my op sodat ek gestaan het met behulp van twee kaffers wat my regop gehou het. Ek kon niks uit Thomas kry behalwe 'n aanhoudende gelag nie, toe probeer ek maar eers om een kaffer te slaan en toe om 'n ander een te skop, maar hoewel die gees gewillig was, was die vlees swak en het hulle maar net des te meer gegrinnik. Thomas het sy sye vasgehou en die trane het weer by sy wange afgeloop, maar hierdie keer nie trane van dankbaarheid soos die vorige dag nie!

„Eindelik is ek half gedra, half gesleep na 'n biesiematjie wat onder die platform oopgesprei was, waar die naakte verpleegsters hul naakte pasiënt vasgehou het. Ek het die toordokter sien opklim by 'n primitiewe leer wat na die platform gelei het. Sy helpers het hom emmers water aangegee. Ek was nog steeds besig om te probeer om Thomas om te haal om vir my in die bres te tree toe die yskoue inhoud op my kop af-

kom en my laat hyg en proes. Ek het geskree en opgekyk waar die water vandaan kom, om net nog meer vol in die gesig te kry. Emmervol na emmervol is op my afgegooi; al my besware het op dowe ore geval. Mettertyd het ek stilgebly en daar gestaan en bewe van die koue.

„Toe kom die dokter af en ek het reeds vreeslik na 'n handdoek verlang toe ek sien dat nog 'n emeer gebring word na die plek waar ek nog steeds til gestaan het, vasgehou deur twee kaffers. Ek het ook 'n zebrastert gesien wat aan 'n houthandvatsel geheg was. Die ou man het die stert in die emmer water gesteek en my daarmee begin slaan vir al wat hy werd was, sodat die stert deur die lug gefluit het en so hard soos moontlik op my lyf neergekom het. Hy het my van kop tot tone deurgeloop en nie een duim van my vel oorgeslaan nie, totdat ek net so warm was soos ek tevore koud was, en soos 'n goedgekookte kreef gelyk het. Ek het geskree. Ek mag gehuil het; ek was baie swak en weer 'n kind. Nadat hy my die beste loesing gegee het wat enige man of seun seker nog ooit gehad het, het hy my terug in die bed gestop en my hemp oor my seer liggaam getrek.

„Wat ek ook al teen sy kliniese metodes mag hê, want sagtheid het sekerlik nie 'n deel van sy kuur uitgemaak nie, het hy sekerlik my lewe gered, want van daardie dag af het ek stadigaan begin herstel. 'n Paar dae later, toe hierdie Groot Medisyn-Meester besluit dat ek geskuiwe kon word, het die kaffers 'n draagbaar gemaak vir my en ek is eers na die berge vervoer en eindelik terug na ons waens aan die Sjangani-rivier. Ons het vir die ou man wat vir hom soos 'n fortiun moes voorgekom het, aangebied as hy ons die plant wou wys waarvan hy die wortels gebruik het om my te genees, maar niks kon hom beweeg om dit te doen nie.

„Voordat hy ons verlaat het, het hy nog 'n verbasende ding gedoen. Ek het eendag 'n vreeslike hoofpyn gehad. Hy sê toe dat hy dit baie gou kon genees en loop toe die veld in, vanwaar hy binne twee minute teruggekeer het met 'n stuk bas wat nuut van 'n jong boompie afgetrek was. Dit het hy om my kloppende kop vasgemaak en binne minder as 'n kwartier was ek heerlik aan die rook en het ek alles van my hoofpyn vergeet.

„Die toordokter is nie te versmaai nie."

'n Verdere verwysing na die genesende towernaar of towerheks in die Afrikaanse Volksgeneeskunde vind ons in die „Naweek" van 11 Maart 1943.[1] „Op 'n dorpie in die Vrystaat was die baasbehandeling van tandpyn bespreking van die pyn deur die prinsipaal van 'n sesman-skool." Die bespreker is natuurlik 'n ander vorm van die eintlike toordokter, maar sy handelswyse is net so magies en mistiek soos die van laasgenoemde: „Hy het oor die pasiënt se tand 'n rympie opgesê wat lank gelede in sy oorspronklike vorm Latyn moes gewees het, en baie mooi sy kruisies met sy hand in die lug gemaak op die regte plekke van sy geprewel. Die rympie het honderde

1) „Die Naweek", Deel III, nr. 23 - „Tradisionele Afrikaanse Volksmedisyne", deur „Arts".

jare lank van mond tot mond gegaan in sy familie."

Soiets bewys dat 'n byna vierhonderdjarige Calvinistiese geloofstradisie nie die oorspronkelike opsigtelike Rooms-Katolieke godsdienstige besprekings en gebedsformules kon uitroei nie.

Maar ons kom nog meer voorbeelde van genesende towery teë. „Mevrou F. op die dorp V. word beskou as 'n ‚wit heks'. Sy word om raad gevra as dit in huise spook, en wit en swart besoek haar plaashuis dag en nag om van haar huisrate en ook van haar towermiddels gebruik te maak. Sy moes tweemaal voor die hof verskyn omdat daar redelike grond bestaan het om te dink dat van haar pasiënte onder drastiese behandeling gesterf het."[1] Die skrywer deel verder mee dat hierdie vrou uit Westfall, naby die Nederlandse grens, afkomstig is. Streng mondeling het sy haar tradisie aan 'n kleindogter oorgelewer.

Baie ou mediese middels het natuurlik geen mediese waarde nie, en tog vorm dit 'n belangrike aspek van ons volksgeloof. Dit is nietemin belangrike kultuurwetenskaplike materiaal wat gegroepeer en geklassifiseer en tot by hul oorsprong nagespeur moet word.

Daar was in die boland Maleise slawe wat baie aan siekteverpleging by ons voorouers gedoen het. In die Afrikaanse Volksmedisyne kom veel materiaal voor wat ons voorouers deur die Maleise slawe uit die verre Ooste gekry het. Dit is ingelyf by ons eie volksmedisyne.

Die aanwending van magiese getalle kom veelvuldig voor in die volksgeneeskunde. Die bekendste en algemeenste magiese getalle is 3, 5, 7, ook 6 en 9. Teen vallende siekte moet die lyer byvoorbeeld s e w e weeluise op brood en botter op sy nugter maag eet,[2] of drie luise saam met moedersmelk word teen geelsug aangewend,[3] of drie druppels hondebloed word ingeneem teen stuipe. Verder moet v y f luise alleen ingeneem word teen geelsug, of die getal wissel ook af met s e w e. Om hik te verwyder, moet die lyer aan sewe eit perde dink. Die getal 7 kom veral en veelvuldig voor as magiese geneesmiddel. Teen bloedvinne moet die lyer sewe toppe wilde-als inwendig gebruik; ook word sewe koffiepitte, wat op water getrek is, teen geelsug aangewend.[4]

Ook hier moet die wortels van die oorlewerings waarskynlik in die vroegste geskiedenis van die mensheid gesoek word. In die Bybel word die getal 7 dikwels genoem in een of ander wonderlike verband. Na die kruisiging van Christus het hy op die s e w e n d e dag opgestaan.

**Huisrate** waar die getalle 3, 5 en 7 gebruik word, kan byna sonder uitsondering teruggevoer word na ou toorderygebruike.[5] Heidense, naas Christelike elemente is vermeng op so'n wyse dat dit nie meer uitgeken

---

1) t.a.p., „Die Naweek".
2) „Die Naweek", 11 Maart 1943.
3) Artikel van dr. Coetzee.
4) Ibid. Artikel van dr. Coetzee.
5) Vgl. „Die Naweek", 18 Maart 1943.

kan word nie. Toordery is 'n sterk element in die meeste volksrate. As 'n mens hik, moet hy sewe monde vol water drink sonder om asem te haal. Vir jig eet 'n mens dertig suurlemoene (3 X 10) na mekaar op. Om koors af te bring, neem die lyer drie buisies knoffel, drie takkies kruisemint en drie takkies wunruit.[1]

'n Versterking vir teringlyers is 'n halfpond suiker, 'n koppie rosyntjies, sewe fyngesnyde droë vye, sewe takkies wynruit, 'n grypie salie, 'n grypie droë boegoe en 'n grypie tiemie. As 'n mens hierdie raat ontleed, sien jy dat dit uit sewe bestanddele bestaan, iets wat op setlik by die samestelling daarvan onthou is.[2]

In die skoolmedisyne kan die ou voorskrif van „een eetlepelvol d r i e - m a a l op 'n dag" beskou word as die reste van 'n towerspreuk wat om die syfer 3 hingel.

Siekte wat die volksmens bedreig, en wat hy nie by magte is om te deurgrond nie, wek angs en die drang tot selfbehoud by hom op. Dan soek hy om hulp by magte wat buite hom staan en wat hy sterker as homself waan. Daarom is hy gereed om in getalle 'n bomenslike krag te sien, wat op animistiese wyse 'n „wese" of „krag" besit wat magiese afwerende werkinge kan verrig. Geloof aan soiets is heeltemal onkrities. Dit is 'n blinde emosionele geloofsoorgawe wat uit 'n vreesgevoel ontstaan. Sodra die mens begin vrees, is hy geneig om redelose dade te verrig. Hier tree mistiek dan in, en daarop bou die volksmens sy opvattinge op in verband met die wese van dinge buite hom wat hy nie verstandelik kan deurgrond nie.

Die gewone volksrympie speel oor die algemeen 'n belangrike rol in die lewe van die volksmens. „Die gebruik van rympies tref mens op allerlei lewensgebiede aan, bv. in die wêreld van die volksgeneeskunde. In ons Nederlandse stamland is daar heelwat sulke geneeskundige rympies bekend. Die volgende rympie is 'n soort beweringsformule wat gebruik was in die geval van brandwonde:

„Ons' heere Jezus kwam aldaar gegaan,
Hij vond er een kindeke in brande staan.
Hij nam het in Zijne gebenedijde hand
En bluschte den gebenedijden brand.
En 't en zwoer noch 't en zwol,
En ik hoop in Jezus' naam, dat 't ook niet doen en zol."[3]

'n Tweede Nederlandse rympie wat in die geval van kneusings aangewend is, is die volgende:

„Deze man(ens) is over een berg geloopen,
Deze man(ens) heeft zijn Hand(ens) gestooten,

---

1) Vgl. „Die Naweek", 25 Maart 1943.
2) Dieselfde as die vorige.
3) „Die Brandwag", 25 Julie 1943. - „Waar die Volk Skep" deur dr. Coetzee.

Het moet in de Roode Zee verdwijnen,
Gelijk de Wijzen uit het Oosten,
En God genas het met der stond,
O Heer, help my! Amen."[1]

By die beswering van 'n verkoue is die volgende towerrympie gebruik:

„Olde Marolde,
Ik hebbe de kolde,
Ik hebbe ze noe,
Ik geve ze oe (u),
Ik binde ze hier neer,
Ik krijg ze niet weer."

By ons in Suid-Afrika is sulke towerrympies ook bekend. Sommige dra duidelik die spore van 'n Nederlandse inslag, terwyl ander spesifiek-Afrikaans van aard is. Bekend is die volgende formule teen die hik:

„Die hik
en ik
gaan oor die see,
die hik bly daar,
en ik kom weer."

Dr. Coetzee vestig die aandag op die feit dat sulke beseweringsformules by ons skaars is. Die oorsaak hiervan moet gesoek word in die feit dat hulle meestal geheime spreuke is wat nie maklik verhandel word nie.

Wanneer iemand in Meklenburg, Nederland, aan die tering ly, dan gaan diegene wat die siekte wil verdryf in die aand, nadat die son ondergegaan het, sonder om 'n woord te praat, na 'n vlierboom, met was, vlas, kaas en brood, en sê:

„Gun Dag, graün Marie!
Ik bring di dat Nig;
Hie bring ik di Wass, Flass,
Hie bring ik die Kes' un Brot,
Dat sast du upeten
Un dorbi den Namen vergeten."[2]

Hier het ons 'n oorblyfsel van die offer vermeng met beswering deur middel van die voorgestelde magiese werking van 'n towerspreuk. Waarskynlik veroorsaak die vlierboom tering, en deur die boom te „paai", sal hy vergeet om werksaam te wees in die sieke. Dit is 'n geval van animistiese denke wat veronderstel dat daar iets in die vlierboom is wat dit 'n wese gee soos die van 'n mens, en daarom kan dit gevlei word. Die vlas wat die lyer meebring, word om die vlierboom se stam gebind, en die ander offergawes word onder die boom gelê asof dit daarvan gebruik kan maak. Mooi spreek die sielkunde van die volk uit die volgende rympie:

„Dan, al treft ons sieckt en pijn,
Gants het lant is medecijn,

---

21) Baron Sloet, Mr. L. A. J. W. : „De Planten in het Germaansche Volksgeloof en Volksgebruik." - 1890, p. 39.

18) „Die Brandwag", 25/6/43 - „Waar die Volk Skep" deur dr. A. Coetzee.

Het gesonden mey,
Versch gedronken in die mey,
Doet den lant-man groot gerijf,
Want het jaeght hem uyttet lijf
Watter in 't geheele jaar,
Is vergadert hier of daer."[1]

Dit dui op die p raktiese aanwending van die dinge in die natuur om daarmee die mens se lewe te vergemaklik. Die volksmens, wat in die natuur lewe, word as 't ware gedwing om op die gebeure daarin te let. Geen dier, plant of klip ontsnap sy aandag nie. Om sy lewensstryd te verlig, probeer hy gebruik maak van hierdie middels omdat hy 'n intelligente, redelike wese is. Die Nederlandse volksdigter, Jacob Cats, stel dit so:

„Isser yemandt inde Staat,
Van een heete koorts gevat,
Of van ander quael ontstelt,
Strackx soo loopt men nae het velt,
Om een wortel, om een kruyt,
Dat hier aen de wegen spruyt,
Dat hier aen de dijcken wast,
En daer niemant op en past ..."

Deur verhaspeling en gebrekkige mondelinge oorlewering is die sin van sommige geneeskundige rympies nie meer so maklik om uit te maak nie. Ongetwyfeld is die volgende rympie een wat met beswering gepaard gaan:

„Deze steek die God hier stak,
Die nooit en zweert of nooit en brak."[2]

Dit kon maklik van toepassing wees in gevalle van verstuiting, bloeding, maagpyn of wonde.

Meer spesifiek Afrikaans van oorsprong en aard is 'n rympie soos:

„Koekmakranka
Goed vir die kranke."[3]

Hierdie rympie het ook 'n wisselvorm:[4]

„Koekmakranka
goed vir krampe."

Duidelik sien ons hier die rol van verhaspeling.

Die doel van bogemelde rympies is om die siekte en die naam van die middel makliker te onthou, aangesien beryming makliker en langer onthou word as p r o s a ï e s e feite.[5]

---

1) Ibid., p. 16.
2) Rasch, J. : „Nederlandsch Folklore", 1935, p. 4.
3) Vgl. Artikel „Afrikaanse Volksgeneeskuns" deur dr. A. Coetzee.
4) Vgl. „Die Brandwag", 25/6/43 - „Waar die Volk Skep".
5) Vgl. „Die Brandwag, 25/6/43.

'n Verdere voorbeeld van die verskynsel van verhaspeling in die volkskunde is die vorm wat die volgende rympie aanneem:

„Vleibrand,
Voëlfisant.
Uitskop van Antjie de Waal,
Papneus .....?[1]

Ongelukkig is hierdie rympie onvolledig. Maar die naam „Antjie de Waal" wys waarskynlik op 'n plaaslike of 'n historiese persoonlikheid. Die naam „voëlfisant" het waarskynlik uit „voëlent", wat 'n bekende kruiemiddel in die volksgeneeskunde is, soos later aangetoon sal word, ontstaan.

Tot die gewone geneeskundige rympies behoort ook die eie-Afrikaanse geestige of spot-geneeskundige rympies en „reseppe". In „Ons Klyntji" is 'n aantal sulkes aangetref:[2]

„1. Vir Hoofpyn.

Tintinkiisbloed en kraai se aptyd;
Fiir lepels hondeblaf;
Jakkals syn byt en wolf syn huid,
En 'n Ystervark syn draf.

2. Vir Tandpyn.

'n Emmer sonskyn in 'n sak gevang;
Fan leeu syn brul so wat;
Di sleepsel fan 'n waterslang,
En skadewee fan 'n kat.

3. Vir Koliik.

Vat suikerbossistroop gekook,
Met 'n pond verslaande wasem,
Di manire fan 'n wyfi spook,
En 'n bobbejaan syn asem.

4. Vir Jig.

'n Houte kis goed fol met wind,
Met twé el steenkool rook,
Di ouderdom fan máer Gert syn kind,
Met naarhyd goed gekook.

5. Vir Omloop.

Di nuttigheid fan 'n pampistool,
Di snaakshyd fan 'n grap,
Di hoogfliig fan 'n jakkalsfóel,
En di skuinsloop fan 'n krap.

---

1) Vgl. Artikel „Die Afrikaanse Volksgeneeskuns", dr. A. Coetzee.

2) Vgl. „Ons Klyntji" - 2de Jaargang, Paarl, D. F. du Toit & Kie., 1898, Deel II, Nr. I, Maart 1897 deur C. W. Joubert, D. Zoon, p. 18.

6. Vir Skrik.

Di heldre lig fan folle maan,
Fan aasfool ruik 'n duim
'n Bottel kraai fan 'n hoenderhaan,
En een skulpad syn fersuim."

Die rol van diere is opmerklik in al hierdie rympies. Dit lewer bewys van 'n noue kontak van die Afrikaanse boer met die dierelewe en die gewoontes van diere. Sulke rympies is weerspieëlend van ons volksluim, en belig die Afrikaanse volkskarakter in hierdie opsig op 'n intieme wyse.

'n Soort advertensie is die volgende rympie oor 'n bekende huisraat:

„Balsemkopifa is 'n onfeilbaar raad,
Fer enig ongeneeslik kwaad."[1]

Plante en vrugte word veelvuldig in volksgeneeskunde aangewend; vandaar die volgende rympie:

„Appelkose
vir die goddelose,
pere vir die bekeerde,
kwepers
vir die dwepers,
pruime
vir die opgeruimde."[2]

Om die genesing van wonde te bevorder, word die wollappe in die nabyheid van die sieke gebrand sodat die rook daarvan in aanraking met die wonde kan kom. Hierby moet die volgende rympie opgesê word: „laat wollappe dierbaar wees en altyd by die hand gehou worde." Op daardie oomblik sal alle pyn verdwyn.[3] Hier het ons waarskynlik te doen met 'n verhaspelde vorm van 'n ouer towerspreuk. Opsigtelik is die neiging daarin om die goeie guns van die wollappe te win deur dit te vlei.

In die Europese stamlande lewe die geloof in hekse nog sterk voort. In dr. O'Kulis se bekende D i e E s e l s k a k e b e e n word 'n mooi voorbeeld daar gestel van die Afrikaanse vroedvrou. Sy is waarskynlik 'n verhaspelde bygeloofsvorm van die heks van die Europese stamlande.[4] Ons ken nie die hekse figuur eintlik nie, behalwe in kinderboeke wat verwerkings is van Europese kinderverhale, maar die medisynevrou wel. Met hierdie figuur in ons volksgeneeskunde hang saam die opvattinge wat algemeen geld, naamlik dat siekte 'n straf van God is, 'n kastyding deurdat 'n misdaad bedryf is. So is 'n mismaakte kind 'n versoeking vir sonde.[5]

---

1) „Ons Klyntji", September, 1897, p. 158.
2) Boshoff: „Beskouinge en Feite", p. 102.
3) Vgl. „De Suid Afrikaanse Kook-, Koek- en Resepte Boek.", mej. E. J. Dykman, p. 172.
4) Vgl. „Volksgeneeskuns in Suid-Afrika" - dr. A. Coetzee.
5) Vgl. Pijper, p. 7.

Die gemeenskaplike vorm van gemeenskapshulp in tyd van siekte pas ook in hierdie verband. Besoeke aan die sieke is gewild. Dit gaan waarskynlik terug op die Bybelse voorskrif van hulpvaardigheid.[1]

Schonken maak ook melding van die „ou vrou" in verband met die Afrikaanse Volksgeneeskunde.[2] In die meeste gevalle is die „bossie-dokter" dan ook 'n ouerige tante wat rate ken.[3] 'n Paar honderd jaar lank het 'n groot gedeelte van ons volk rondgetrek en rondgeswerf, ver weg van die mediese geriewe van die beskawing. Hulle moes in tye van siekte en dood tradisionele huisrate en kruie-middels gebruik om die eenvoudige rede dat geen ander byderhand was nie. „Daar lewe vandag nog baie ou vrouens en ou mans wat die tradisionele behandelings ken en onthou."[4] Dan bestaan daar nog die sterk geloof in die begaafdheid in die boland van ou Maleier- of Hottentot-aias, veral in hulle hoedanigheid as helpsters by geboorte.[5] „Daar is in my omgewing 'n ou byna nog skoon geteelde Hottentots- (medisyne) vrou. Sy word geroep van plaas tot plaas om die blanke vrouens te ondersoek en te behandel ...." [6]

Ons het hier duidelik te doen met 'n eiesoortige Afrikaanse verskynsel. 'n Paar uittreksels uit „Die Eselskakebeen" stel die Afrikaanse medisynevrou tipies voor die gees:[7] „Wat betref die oumens, sy was nog van die egte stempel waarvan ons lees in Exodus 1:17. Doch die vroedvrouwen vreesden God.

„Tant Antjie was 'n oumens van naam en faam in ons distrik. Sy was van gevoele dat Boerekinders van God kom met haar hulp en goedkeuring. .....

„Sy het ons vertel van haar wonderlike medisyne. Daar was die rooi trommel met flessies, die bruin trommel met die poeiers en bossies. Om die regte vyf soorte (let op magiese getal 5) vir elke kwaal te meng, was vir haar sommer kinderspeletjies .....

„Van meer betekenis was die poeiers. Daar was wat sy sommer by die apteker koop, maar díe beteken nie veel nie .... daar was 'n paar ander soorte wat sy self in die Baai laat koop het, díe is baie skaars en onbekend. Om die poeiers te meng, is nie elkeen se werk nie; 'n mens moet al bietjie sout geëet het, wat hulle reg meng.

„Maar kyk, die poeiers was nog nie te reken by die bossies nie. Daar was bossies van die Ou Kolonie, bossies van Transvaal ....Alle soorte bossies en wortels. En dan was daar nog, ons eie gewone, eensoortige bossies' wat tant Antjie self uitgevind het ....

---

1) Vgl. Pijper, p. 9.

2) Vgl. Schonken, p. 68.

3) Vgl. „Die Huisgenoot", 10 April 1931 - „Vratjies" deur F. F. Erasmus.

4) Vgl. „Die Naweek", 11 Maart 1943. „Tradisionele Afrikaanse Volksmedisyne" deur „Arts".

5) Ibid.

6) Ibid.

7) Dr. O'Kulis: „Die Eselskakebeen", p. 11 - 15.

„Van die ander gewone ou boererate wou sy nie eens praat nie; die was te veel om op te noem, soos bokmis, katvel, vlierwortel, - wat verskillende uitwerkings het al na jy dit na een kant of twee kant toe krap - hoenderbloed, ens.

„Met die middels van haar het sy al baie mense gesond gemaak wat die dokters niks aan kon doen nie .... Die dokters het haar al baiemaal gevra hoe kry sy dit reg. Sy het hulle gesê: ‚Dokter, net met ons eenvoudige ou huismiddels.' Maar dit wou hulle nie glo nie, ‚en ek wil hulle nie die name van die goed sê nie.'"

As ons om ons heenkyk, merk ons dat hierdie figuur in die Afrikaanse samelewing aan die wegraak is. In ons moderne samelewing is daar tewens geen plek vir haar meer nie. Hierdie medisynevrou het egter 'n onvervreembare deel aan die ontwikkeling van ons eie Afrikaanse volkskultuur. Hulle is dit in die Afrikaanse Volkskunde waardig om geboekstaaf te word. Hulle het gewoonlik self resepteboeke en dagboeke gehou, wat waardevolle stof vir volkskundige navorsing sal uitmaak. Die medisynevrou vorm die simbool van die Afrikaanse volksmedisyne, en van 'n kultuurlegaat wat nie gering geskat kan word nie.[1]

Aangesien dit 'n vroulike gestalte by ons is, en nie 'n manlike nie, soos bv. die Nederlandse „piskijker", kan ons hier 'n enig-Afrikaanse skepping aanneem.

Wat die aanwending van kruiemiddels in die Afrikaanse Volksgeneeskunde betref, het die blankes grotendeels by die inboorlinge in hierdie opsig skoolgegaan. Daarby moet egter onthou word dat veel wat erfgoed is, uit die stamlande oorgeneem is; dit het 'n onvermydelike inslag op die Afrikaanse volksmedisyne gemaak. Deur eie kennis en ervaring het die Afrikaanse volksmens 'n tradisie op gebou. Volgens verwagte is die inslag van die volksgeloof nie gering nie.

Die oorsprong van kruiebehandeling gaan terug na „towernaars" en „towerhekse" in die verlede. Oorspronklike kruiemiddels moet in die eerste plek dodelike giwwe gewees het. Die ou Germane het bv. Belladonna, 'n dodelike gifstof, uit nastergal of doodkruid getrek. By die verpleging van gewondes is verdowingsmiddels aangewend. In ongeveer die 7de eeu is 'n verdowingsmiddel bekend gewees wat operasies moontlik gemaak het.[2] Sulke kennis is deur mondelinge oorlewering van geslag tot geslag bewaar. Later is hierdie middele aangewend om bloot empiries siektesimptome teë te werk. Deur eksperimenteerdery is die volksmedisyne gou ontwikkel.

Met hierdie vroegste periode in die geskiedenis van kruiebehandeling hang saam die animistiese opvattings in verband met die wese van 'n siekte, dat dit naamlik 'n „bose gees" is wat in die liggaam gevaar het. Deur die „geeste" se verblyf in die liggaam so ongerieflik moont-

---

1) Vgl. „Die Naweek", 18 Maart 1943 - „Die Ontstaan van Volksmedisyne" - p. 14 - 15.

2) Vgl. "Die Naweek", 18 Maart 1943.

lik te maak, sodat hulle moet „uittrek", sou volgens die primitiewe opvatting natuurlik genesing bewerkstellig. Dit is gedoen deur die pasiënt te trap of te slaan, of deur sulke stowwe in sy liggaam aan te bring, dat dit die „gees" verdryf. Reste van hierdie oergebruik vind ons vandag nog in die aanwending van hondemis, menslike faeces en urine, stink plantstowwe en ander skerp reukstowwe in die volksgeneeskuns.[1] Duiwelsdrek word gebruik deur histeriese pasiënte. Die pasiënt glo self dat die „slegte medisyne" die wese van sy kwaal ten kwade aantas en hom dan genees.[2]

Die inslag van die Christendom het weinig verander aan die geldende heidense opvattinge in die volksmedisyne. Die volksmens op die vasteland van Europa het volhard met sy kruiemiddels. In plaas van amulette om siektes te verdryf, het die kruisvorm ingetree.[3] Die Kerk het geleer dat die mens die kroon van die skepping is, en dat heel die orige skepping daar vir sy gebruik is. Met kenmerkende praktiese sin het die volksmens die plante en ook die diere in sy omgewing aangewend ter genesing van kwale by die mens. Vetplante met dik, bros blare lyk na lewer en is dus deur die Voorsienigheid daargestel om leweraandoeninge te genees. As 'n plant niervormige blare het, is dit voorbestem om nierkwale te genees, en hartvormige plante word aangewend om hartkwale te genees.

Ons voorouers het na Suid-Afrika gekom met 'n skat van ou volksmiddels en hulle het heel natuurlik die plantegroei van die nuwe bodem aangewend soos hulle in die stamland gewoond was. Baie van die hoedanighede wat aan die Europese plante toegeskryf is, is ook eenvoudig oorgedra op plaaslike Afrikaanse plante wat verwant voorgekom het. Dit was terselfdertyd 'n bron van baie foute, maar ook 'n bron van nuwe skepping.

Die Voortrekkers en voor hulle die grensboere, was van die staanspoor af aangewese op volksmiddels in geval van siekte aangesien die mediese wetenskap buite hulle bereik was. Onder sulke omstandighede kon die volksmedisyne welig groei en bloei. Middels is andersyds ook oorgeneem van Maleierslawe, Hottentotte, Boesmans en Kaffers. Volksgeloof en figure soos tant Antjie Schut was aan elke gemeenskap nie vreemde verskynsels in die geneesmetodes nie.

Onder die oudste kruie in die Afrikaanse Volksgeneeskunde moet gereken word: wermoet, wynruit, roosmaryn, tiemie en salie. Hierdie plante is eeue voor die volksplanting aan die Kaap vanaf Suid-Europa en Noord-Afrika na Sentraal- en Wes-Europa en Engeland deur die Romeine gebring. Die eerste nedersetters het hierdie middels na die Kaap gebring waar hulle op 'n weinig verskillende wyse aangewend en toegepas is. Die ou bolandse kruietuintjie voor die huis is 'n regstreekse oorlewering hiervan.[4]

---

1) Van Andel, p. 68.
2) Vgl. „Die Naweek", 18 Maart 1943, p. 15.
3) Ibid., p. 15.
4) Vgl. „Die Naweek", 1 April 1943 - „Kruiebehandeling" deur A r t s.

Gedurende 'n ouer stadium van die Afrikaanse volksmedisyne was 'n diepgewortelde volksgeloof in verband met towerkuns waarskynlik die vernaamste aspek daarvan. Dit het oorgegaan op die aanwending van kruie as geneesmiddels. Die brandnetel, die voëlent, die lourierboom en varings sou dan groot towerkragte besit in die Romeinse en Germaanse volksgeloof. Hierdie opvatting het natuurlik wortel geskiet in Suid-Afrika met die volksplanting. Hout van voëlent is volgens die Noorse godelegendes deur Loki gebruik om die songod Balder mee te dood. Met Kersfees hang die Engelse byvoorbeeld nog voëlent op in die huis om bose geeste af te weer. Sulke mense haat veral diegene wat gelukkig in hul liefde is. 'n Mens moet dus sorg dat hy onder die voëlent staan as hy sy geliefde soen, want dan is die bose gees magteloos.[1]

Geen wonder dus dat voëlent ook 'n belangrike aandeel aan die geneeskunde van die volk het nie. Die opvatting is dat voëlent goed is vir senuwees, asma, hoes, seerkeel, aambeie, nierkwale, galstene, maagkwale en vrouekwale.[2] Die verklaring van die hegte geloof aan die buitegewone krag van voëlent, hang saam met die oeropvatting dat die plant beskou is as 'n towermiddel, en as sulks aangewend is. Voëlent is dus in die kruiemengels aangebring nie om wetenskaplike redes nie, maar om die towerkrag van die kruiemiddels te versterk. Omdat voëlent so 'n bekende plant is, is dit natuurlik dat dit mettertyd die hoofklem gekry het in die volksmedisyne sodat dit later alleen beskou is as 'n geneeskragtige kruid.

Plinius het al beskryf hoe die Druïde die voëlent by die godsdiens gebruik het, en hoe die Galliërs die plant beskou het as 'n „geneesal".[3] In sommige dele van Frankryk maak die moeders nog steeds kruise van voëlent en werk dit vas binne die kinders se hempies om hulle sodoende teen toordery te beskerm. In verskillende dele van Nederland en Duitsland is daar nog boere wat altyd sorg dat daar kruiebossies in hul stalle en wonings hang. Voëlent is gewoonlik een van die bestanddele.[4]

'n Voorbeeld van bevrugting van die opperkultuurlaag deur die onderkultuurlaag het 'n tydjie gelede in Frankryk voorgekom. Daar is bevind dat voëlentsap in mengsels gebruik kan word om die bloeddruk te verlaag.[5]

Ons moet spore van dergelike gebruike in die Afrikaanse Volksgeneeskunde verwag. Onder die plante wat in Suid-Afrika sowel as in Europa as kruiemiddels aangewend word, is koljander, tiemie, rabanker, wynruit, mirre, lense, rose, rog, varkoor, violet, kamille, malvas, salie,

---

1) Ibid.

2) Vgl. „Die Naweek", 8 April 1943 - „Kruie in ons Volksmedisyne" , deur „Arts".

3) Ibid.

4) Ibid.

5) Ibid.

beesvinger, e.a. Sulke plante is hier gebruik op voorbeeld van die Europese toepassing. Op die gebied van die veldplante is die saak egter anders. Ons voorouers het stelselmatig van ons inheemse Suid-Afrikaanse plante gebruik gemaak wat die meeste gelyk het op die Europese veldplante, soos dïe van hul vaderland. So is die soorte wilde malvas wat hier gebruik word in die volksmedisyne glad nie dieselfde as dïe wat in Europa gebruik word nie en ons varkoor of varklelie is nie arum van die Europese veld nie, tog word dit in ons volksmedisyne vir dieselfde doeleindes gebruik.[1]

Die verwarring word soms vererger deurdat dieselfde plant dikwels in verskillende dele van ons land 'n ander naam of geneeskundige toepassing het. Aangesien die reseppe mondeling oorgelwer word, is die kans goed dat vervorming sal intree.

In die Afrikaanse kruiebehandeling kom inheemse kruie voor wat ons Europese stamouers nie geken het nie. 'n Paar voorbeelde is hotnotsvye, ghaap, ghwarrie, ghwarrisen, hotnotskooigoed, alwyn en talle ander. Deur die mediese wetenskap is weinig proewe gedoen om vas te stel of sulke kruie geneeskragtig is of nie. Ongetwyfeld is die aantal kruie in gebruik in die Afrikaanse Volksgeneeskunde legio. Dan is daar nog in baie gevalle 'n element van die volksgeloof aan menige kruiemiddel verbonde. Om hierdie rede word 'n hele aantal kruie dikwels deurmekaar gemeng vir toepassing.

'n Voorbeeld van 'n tipiese boereraat is die volgende:[2] Drie neute fyngemaak, sewe kruienaeltjies fyngemaak, 'n eetlepel fyn foelie, een eetlepel fyn kaneel, 'n halwe teelepel Ginzia-wortel. Laat dit alles op 'n bottel brandewyn trek vir agt dae in die son. Skud dit elke dag goed. Syfer dit na agt dae deur 'n baie fyn doek. Voeg dan by: een botteltjie Hofmansdruppels, een botteltjie bruin Dulcis, 'n bottel groen amara, 'n bottel Jamaica-gemmer, 'n bottel wonderessens, 'n bottel versterkdruppels, 'n bottel Krampdruppels, 'n bottel Peppermintessens. Dit moet daagliks na etes geneem word.

Die eerste gedeelte van die raat is ouer as die tweede, wat verband hou met die intrede van die sg. „Hollandse" medisyne in Suid-Afrika. Eg volks is die raat saamgestel in die hoop dat dit enige kwaal sal genees.

Naïewer en op geloof in towerkuns berustend is die volgende raat wat aanbeveel word vir breuke by kinders: Neem en breek 'n rou eier en skei die wit van die geel. Klits die wit op met 'n bietjie suiker en laat die kind dit inneem. Die geel word in 'n ongebleikte linnesakkie geplaas en in die skoorsteen opgehang. Sodra die eier daar versteen, sal die breuk genees wees.[3]

---

1) Vgl. „Die Naweek", 8 April 1943.

2) Vgl. „Die Naweek", 8 April 1943, p. 23.

3) Ibid.

In die geval van uiterste nood is die mens baie geneig om na wondermiddels te gryp. En tog kan kruiebehandeling wat op 'n wetenskaplike basis geskied, baie waardevol wees, soos onder andere morfien, belladonna en digitalis. Selfs die wetenskaplik-nuttelose materiaal het waarde in die sin dat dit deur volkskundige ondersoek in die beskrywing van die Afrikaanse volkskultuur gebruik kan word. Maar veral in die rol van bevrugting is ons Afrikaanse towermiddels van baie groot waarde. Sinkings word in die skoolgeneeskunde met s a l i c i l a t e behandel. In die volksgeneeskunde word die afgietsel van wilgertakkies hiervoor aangewend. Daardie afgietsel bevat stowwe wat dieselfde mediese hoedanighede as salicilate het.[1]

Een van die belangrikste bydraes tot kruiebehandeling in Suid-Afrika is die toegewyde studie van dr. J. M. Watt en mej. M. G. breyer-Brandwijk. Hierin is 'n uiteensetting gegee van al die bekende geneeskragtige kruie in Suid-Afrika en die aanwending daarvan in die Afrikaanse Volksgeneeskunde, benewens 'n wetenskaplike beskouing oor elke middel. In die voorwoord lees ons:[2] „Southern Africa, with its wealth and variety of flora, has accumulated through the centuries a great mass of popular remedies, both native and European. It has only recently been realized how rich African lore is in this respect. Bushman, Hottentot, and Bantu have each their full share, while the white man, since his occupation of the sub-continent, has been adding to the treasury." Hulle wys daarop dat veel hiervan aan die uitsterf is. Ons kan nie veel meer doen as 'n opsomming gee van die kruiemiddels wat deur die A f r i k a n e r s alleen aangewend word nie. Die Afrikaner se praktiese aard en intieme kennis van sy omgewing spreek duidelik uit hierdie middels. Dit openbaar ook die volkswetenskaplike denkwyse in al sy skakeringe van algemeen-menslikheid, animistiese opvattinge en naïwiteit.

Die geel gom van sederhout word in die Afrikaanse Volksgeneeskunde aangewend vir rumatiek.[3]

Boegoe, Stinkgras en Koperdraad word gebruik as voorbehoedmiddels teen malaria.[4]

Bataviese kweek (Cynodon dactylon Pers), wat ook fynkweek, kwaggakweek en Oosindiese kweek heet, word aangewend teen sooibrand, en die plant word fyngestamp om wonde te laat ophou bloei. Die algemene mediese opinie is dat hierdie plant hooikoors veroorsaak.[5]

In die naam dronkgras (Melica decumbens Thunb) sien ons alreeds die geneeskundige eienskap van hierdie plant. Dit maak naamlik vee wat daarvan geëet het, lam.[6]

---

1) Vgl. „Die Naweek", 1 April 1943 - „Kruiebehandeling" deur „Arts".
2) Watt, J. M. & Breyer-Brandwijk, M. G. : „The Medicinal and Poisonous Plants of Southern Africa" - p. vii.
3) Watt & Breyer-Brandwijk, p1.
4) Ibid., p. 3.
5) Ibid., p. 5.
6) Ibid., p. 5.

Kalmoes (Aconus calamus L.) word in die Afrikaanse Volksgeneeskunde volgens Watt aangewend teen diarree. Die plant heet ook varkblom (Eng. pig lily). Die blare van hierdie plant word verhit, en op sere en swere geplaas; ook word insektebyte hiermee behandel. Vroeër is dit vir jig en rumatiek gebruik.[1]

Bobbejaanskoen, patrysblom, balsem, wilde-kopiefa, geel-katstert (Bulbine asphodeloides) word gebruik vir wonde en ringwurm.[2]

Rooiwortel (Bulbine alooides) word teen diarree, disentrie, en maag-aandoeninge aangewend.[3]

Deur die vroegste koloniste is die bobbejaanoor (x olifantsoor) aangewend teen kneusplekke en swere.[4] Die wetenskaplike naam van hierdie plant is Eriospermum latifolium.

Aalwyn en kanniedood (Aloe ferox) staan bekend in die Afrikaanse Volksgeneeskunde as pergeermiddels.[5]

Die Urginia albissima, wat geen Afrikaanse naam het nie, word as volg in gevalle van jig gebruik: die vlesige lobbe van die knol word verhit, en as pleister aangebring teen die lede wat jig het.[6]

Van die blare van die gifbol (x suringblom) word gesê dat dit die etter uit swere „uittrek". Die Boemans het hulle pyle met hierdie plant vergif - vandaar die Afrikaanse naam.[7]

Bramakranka, of soos dit beter bekend is, Koekmakranka (Gethylid Spirallis), word gebruik vir maagpyn. Vroeër is dit in die Kaap-Kolonie ook deur dames gebruik om slaapkamers mee te parfumeer, aangesien die plant 'n skerp, aangename geur besit.[8]

Van Amerika af ingevoer is die garingboom (Agave Americana). By ons word die gesplete blare van hierdie plant verhit en teen rumatiekplekke aangebring. Ook word die plant se sap gedrink as purgeermiddel.[9]

Die waarheid van die volksopvatting is bewys deur die eienskappe van die tulp (moraea polystachya), want die kultuurwetenskap het bevind dat die plant wel giftig is, soos die volksopvatting voorgee.[10] Maar die volksgeloof neem derhalwe aan dat alle species van tulpe giftig is. In die geval van die specie Moraea simulans is dit egter nie die geval nie. Ons kan geen Afrikaanse naam vir hierdie plant aantref nie, behalwe die gewone benaming „tulp".[11] Geeltulp en rooitulp word wetenskaplik juis in die

---

1) Ibid., p. 8.
2) Ibid., p. 11.
3) Ibid., p. 12.
4) Ibid., p. 14.
5) Ibid., p. 15.
6) Ibid., p. 20.
7) Ibid., p. 25.
8) Ibid., p. 28.
9) Ibid., p. 28.
10) Ibid., p. 30.
11) Ibid., p. 31.

Volksgeneeskunde ook as giftig beskou.[1]

Soos die naam maagbos ook aandui, word hierdie kruid as 'n middel vir ingewandsaandoeninge gebruik.[2]

Bospeper (x wildepeper - Piper capense) word veral in die Westelike Kaap-Kolonie vir maag-, hart- en nierkwale gebruik. Op 'n vroeër stadium is dit gebruik deur die Afrikaanse koloniste om winde te „breek" en om slegte spysvertering teë te werk.[3]

Die maagpynbossie (Myrica quercifolia) word as afgietsel vir maagpyn gedrink.[4]

Dagga-olie word deur die Afrikaanse volksmens teen kanker aangewend.[5]

Heidjiestee, Voëlent, Voëllym, Mistel en Martak dien as inentingsagente en aftreksels van die plante word gedrink vir St. Vitusdans, diarree en vallende siekte.[5]

Witopslag (Thesum hystrix) word vir hoes en tuberkulose gebruik en aftreksels van die plant se wortels dien om urine en blaasaandoeninge mee te genees.[6]

In die naam van die teringbos (Thesium sp.) kom die assosiasie van siekte en geneesmiddel voor. Dit is dus natuurlik dat die volksmens die teringbos sal aanwend teen tering of tuberkulose.[7]

'n Pleister van die suringplant (Rumex acetosa) dien in ons volksgeneeskuns om swere mee te genees.[8]

Die Hondebos (Exomis axyrioides) word teen vallende siekte aangewend.[9]

'n Aftreksel van droedaskruie (Aizoaceae Pharnaceum lineore) word teen longkwale aangewend.[10]

Die kraalbos (x geelbos) (Galinia africana) word gebruik by die verpleging van wonde.[11]

Hotnotsvy, Elandsvye, Suana, Suurvy (Mesembrionthemum sp.) word teen keelaandoeninge aangewend; en kougoed, kan, korna, van dieselfde species, kom in ons volksgeneeskuns voor as 'n middel teen diarree.[12]

---

1) Vgl. Ibid., p. 31.
2) Ibid., p. 32.
3) Ibid., p. 33 - 34.
4) Ibid., p. 34.
5) Ibid., p. 35.
6) Ibid., p. 38.
7) Ibid., p. 38.
8) Ibid., p. 38.
9) Ibid., p. ~~38~~.41.
10) Ibid., p. 45.
11) Ibid., p. 46.
12) Ibid., p. 46.

Die koloniste het Muishondblaar (naamgewing as gevolg van die reuk van die plant) teen velsere, en die „Rosa de Jericho"-plant vir swanger vroue aangewend om bevalling te vergemaklik.[1]

Gornelwater is van die blaarekstrak van vyerank, hotnotsvy, perdevy en suurvy gemaak om sitseerkeel teë te werk.[2]

Die anemoon (Anemone) word gedroog en fyngemaak en as snuif gebruik om hoofpyn te verlig en ook om wonde vinniger te laat genees.[3]

Eertyds was die maagwortel (Antizoma angustifolia) 'n purgeermiddel.[4] Om diarree teë te werk, is ketting, skilpadkos, slangbossie, veterbossie, en kleinkoorsbossie (Crassula lycopodoides) aangewend.[5]

In die distrik van Uitenhage veral, word doringtee (cliffortia ilicifolia) vir hoes gebruik.[6]

Vir suigelinge wat tande kry, word die seeboon (Entada scandens) gegee om aan te byt.[7]

In ons volksgeneeskunde speel tee 'n vername rol as geneesmiddel. Die bekendste name vir ons teesoorte is: boeretee, bostee, bossietee, heuningtee, vleitee en krapmanstee. Hierdie kruie maak die „slym los" en dien as 'n spoegmiddel in gevalle van katarr en asma.[8]

Versmee met die volksgeloof is die Agt-dae-geneesbos (Boralea decumbens Ait.) wat volgens die algemense volksoortuiging binne agt dae veral asma kan genees.

Die kankerbossie (Eng. Cancerbush), kalkoenbos, eendjies, hoenderbel, Jantjie-Barend, kipkippers, kippiebbos (kip is Nedl. vir hoender), bitterbos (Prieska), keurtjies(Ceres), sandalienhout (Bovlei), wildekeur - geld as 'n populêre geneesmiddel by beide wit en swart teen ingewandsaandoeninge van verskillende aard, kanker, uterus-aandoeninge, griep, lewerkwale, rumatiek, water, rugpyn, bloeding, hoes. Dit is effens purgerend en staan ook as purgeermiddel bekend. Kliniese ondersoek het egter bewys dat hierdie kruid nutteloos vir die behandeling van kanker is.[9]

Malaria en swartwaterkoors word met 'n kiaathout-aftreksel (Pterocarpus angalensis) bestry.[10]

Die vrouebossie, of soos dit ook heet, die mennetjie-rabasa, of bergtee of die vrouebossie (Geranium incanum) word as 'n tee onder die blankes gebruik.[11]

---

1) Ibid., p. 47.
2) Ibid., p. 48.
3) Ibid., p. 51.
4) Ibid., p. 54.
5) Ibid., p. 60.
6) Ibid., p. 63.
7) Ibid., p. 66.
8) Ibid., p. 70.
9) Ibid., p. 75.
10) Ibid., p. 76.
11) Ibid., p. 80.

Deur die Kaapse Maleiers word rooi-rarabos (Pelorganium grossularoides) aangewend om die plasente na 'n geboorte af te dryf en ook om gedurende swangerskap misgeboorte te veroorsaak.[1]

Geel-suring, klawersuring en pypsuring bevat 'n akaliese suur. Die vroeë koloniste het wel deeglik hierdie plant as geneeskruid aangewend, maar sonder die wete van hierdie eienskap van die plant.[2]

Wilde-kardemon, knoppiesdoring, knophout, perdepram, pramdoring, perdeboom, perdepis, parapis - almal plantname wat in die Oostelike Kaap-Kolonie bekend is, dui die Fagora capensis aan. Dit is opmerklik in die volkswetenskap dat 'n bepaalde plantsoort gewoonlik 'n hele aantal name kry wat volgens 'n enerse begripsassosiasie geskep is. Die basis van sulke begripsassosiasie lê in die vorm van die plant. Hierdie plant word in die Afrikaanse Volksgeneeskunde algemeen gebruik vir maagkwale en verlamming.[3]

Perdepis (wat ook lemoenhout heet) - Claasena inaequalis - word deur die volk teen rumatiekkoors aangewend, maar J. Wicht skryf oor „South African ‚Huismiddels'" in die „South African Record" van 1918 (XVI, p. 306) dat hy dit klinies ondersoek en ondoeltreffend gevind het.[4]

Die stuipebos (Nymania capensis) word gebruik in gevalle van stuiptrekkings. Hier speel die begripsassosiasie in verband met die raat en die siekte 'n volkswetenskaplike rol.[5]

Die daaglikse ondervinding is die grondbeginsel van die volkswetenskap asook van die kultuurwetenskap. Albei berus op ondervinding en ervaring. Hoe hewiger die uitwerking van 'n kruiemiddel is, hoe beter is dit, word deur die volksmens geglo.

Begrippe in verband met die aard en geneeskragtige eienskappe van kruie is net soos in ander verskynsels van die volkswetenskap baie subjektief. Bewuste objektiewe waarneming is nie 'n kenmerk van die gevolgtrekkinge in die volkswetenskap nie. Ons sien dit veral in die voorbehoedmiddels teen siekte wat in die Afrikaanse Geneeskunde gebruik word. Water wat nie suiwer is nie, kan deur aluin by te voeg, gereinig word, ook deur dit te kook en 'n gloeiende houtstomp daarin te dompel. In die voorjaar is dit goed om 'n purgeermiddel te neem. Kindersiektes kan voorkom word deur die kind knoffel en kamfer om die hals te laat dra.

Die slag van diere gee aan die boer 'n taamlike kennis van hulle anatomie. Hy neem aan dat die mens inwendig soos die dier moet lyk. Daarby kry hy deur ervaring enige kennis van patologiese prosesse. Die volksmens bepaal siektes na die aard van die pyne of swellings. As iemand 'n pyn het op 'n plek wat nie duidelik is nie, word 'n half-

---

1) Ibid., p. 82.

2) Ibid., p. 84.

3) Ibid., p. 88.

4) Ibid., p. 91.

5) Ibid., p. 92.

kroon of 'n glas rondgeskuif in die omgewing van die pyn; waar die pyn is, sal die glas of halfkroon vassuig.[1] Dieselfde peil van wetenskaplike denke word weerspieël in die volgende opvatting in verband met die geneeskunde: bloedkoraal verbleik by aanraking met 'n vrou wat aan bloedarmoede ly, en dit word heeltemal wit op 'n lyk.[2] Geen ag word geslaan op die wyse waarop medisyne wetenskaplik werk of nie, of hoekom dit doeltreffend of andersinds is nie.

Animistiese opvattinge is nie uitgesluit uit die Afrikaanse kruiebehandeling nie. Kruiemiddels is gewoonlik vars of gedroogde en gepoeierde plante, of die afkooksel daarvan. Die kook trek (animisties) die „krag" uit die plant uit, en dit word in die water opgelos.

Die kruiebehandeling van 'n verkoue stoel op die neiging om iets uit die lyer se gestel uit te dryf. Wie koue gevat het, moet 'n sweetkuur onderneem. Die pasiënt word op 'n stoel geplaas en daaronder word gloeiende miershope geplaas en asyn word daarop gedrup. 'n Laken word oor die pasiënt gehang. Vir 'n rukkie moet hy die ongemak van die hitte verduur. As sy kop sweet, mag hy eers opstaan. Vlierbloesem en kamille word hierby as sweetmiddel gebruik.

Die volgende raat vir aambeie is waarskynlik 'n verhaspeling van 'n ouer middel, aangesien dit 'n blote samestelling van 'n aantal kruie is: gestampte karmonkpitte moet trek op jenewer, en die lyer moet 'n kelkie per dag daarvan gebruik. Ook word brandewyn, waarin die wortels van slanghout getrek het, aanbeveel. In die plek van die slanghout kan tiemiewortels ook gebruik word, asook aambeiebossie (let op naam - ooreenkoms) of die kanniedood-bossie.[3]

In die volgende raat vir bloedpersie is die kleurassimilasie die oorsaak van die aanwending daarvan as geneesmiddel: die lyer moet 'n gepoeierde g r a n a a t s k i l , magnesia en 'n honderd karmonkpille vir vier-en-twintig uur op 'n fles wyn laat trek in 'n warm bakoond. Hierby moet 'n greep bloedsuiwerende blare geneem word.[4]

Die eerste gedeelte van bogenoemde kruiemiddel blyk ouer te wees as die tweede, aangesien die rooi kleur van die begrip bloedpersie en die granaatskil 'n basis van ooreenkoms voortsit wat ons hier kan verwag, waar die tweede gedeelte van die middel 'n duidelike nuwerwetse toevoeging is.

Elke dag 'n glas soetolie, ook fyn geskraapte ten, daarby 'n afkooksel van foelie, ekstrak van saffraan, gestampte petersieliewortels, is die middel teen geelsug. Maar volgens die algemene opvatting is luise egter die beste middel van almal as dit op brood en botter gesmeer of in vet gebraai word en deur die lyer geëet word.[5]

---

1) Vgl. Pijper, p. 8 - 9.
2) Ibid., p. 9.
3) Pijper, p. 12.
4) Ibid., p. 13.
5) Pijper., p. 14.

**Author** Hudson Charles William
**Name of thesis** Die Afrikaanse Volkswetenskap. 1943

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.